ds. PJ Kriel 31.01.2016

Inhoud. Christus maak werklike bekering deur sy genade moontlik. Berou oor wie ons God maak in ons weiering om ons sonde te bely.

Skriflesing: 2 Samuel 11: 1-17; Ps. 32; Johannes 1:9 – 17; 1 Joh. 1: 5 – 2:2.

Teks: Joh. 1:17: God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Tema: God se troue liefde bring ons tot die erkenning van ons oortredings teenoor God

1. In Ps. 32 kry ons die sondebelydenis van Dawid as gelowige teenoor God.

Wat uitsonderlik van hierdie sondebelydenis is, is:

- Eerstens hoe hierdie sondebelydenis deur die Here moontlik gemaak word en
- Tweedens hoe God hierdie sondebelydenis van Dawid teenoor Hom bewerk.

Dit is wat Dawid vir mense oor sondebelydenis wil leer: dat God dit moontlik maak en dat God self hierdie erkenning van sonde in sy kinders se harte bewerk.

2. Hoe hierdie erkenning van sonde deur God moontlik gemaak word, word met twee saligspreuke aangekondig:

“ Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word” en

“Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie.”

Ons mag op geen manier hierdie aankondiging verstaan asof die Here die een wat sonde erken se straf weg vat, sy sonde vergewe en sy skuld nie toereken nie – omdat hy sy sonde bely het nie.

As ons dit so probeer verstaan, dan beteken dit dat ons sonde-erkentenis maak vergifnis vir God moontlik.

Dit is presies die teenoorgestelde wat in die Psalm oor God openbaar word. Die Psalm openbaar nie hoe mense dit vir God moontlik maak om hulle te vergewe nie. Die Psalm wys hoe God dit vir sy kinders moontlik maak om hulle sonde teenoor God te erken.

Die wyse waarop God dit doen, is om jou nie te straf of jou die skuld van jou sonde toe te reken nie. Dit doen God voordat jy jou sonde erken.

Dit is omdat God dit doen voor jy sonde erken wat die erkenning van sonde juis moontlik maak.

Jy erken teenoor God die oortreding wat Hy klaar vergewe het, klaar die straf voor weggevat en klaar die skuld van weggevat het.

3.Deur dit te doen, skep God die volgende innerlike binne in sy kind wat teenoor Hom sonde erken – 'n gees waarin daar geen valsheid is nie.

Hierdie valsheid gaan oor bedrog: om jouself en God te bedrieg oor wat jy mee besig is. Die wyse waarop hierdie selfbedrog plaasvind is om God nie meer in gebed aan te roep en nie meer in die geloof in God se liefde te wil leef nie.

Dit is wat Dawid probeer doen het met sy stilstuipe teenoor God. Deur stil te bly oor waarmee jy besig is teenoor God maak jy asof jy nie besig is met wat jy regtig doen nie.

Een van die geleenthede waarin Dawid teenoor God stilstuipe gekry het, was met sy begeerte van Urija se vrou Batseba. Na hy haar afgeloer het terwyl sy gebad het, het hy haar as koning deur regeringsamptenare na sy paleis laat haal en met hierdie intimidasie met haar owerspel gepleeg het. Sy het na hierdie owerspel swanger geword, maar Dawid wou nie met haar trou nie. Volgens wet kon hy en sy doodgemaak geword het vir wat hulle gedoen het.

Toe maak Dawid die plan om haar man van die oorlog af terug te kry sodat dit lyk asof die kind sy eie kind is. Hy wou deur bedrog dit so manipuleer dat Urija die vaderskap van die kind wat Dawid verwek het, moes aanvaar het.

Urija wou nie by sy vrou gaan slaap terwyl sy kamerade op die slagveld is nie. Dit was vir hom onregverdig dat hy deur die koning begunstig word.

Ons moet onthou dat Dawid die weermagshoof was en Urija 'n troep. Dit is so goed soos een van die generaals tydens die grensoorlog, laat kom een van die troepe op sy bevel om huis toe te kom en by sy vrou te gaan slaap. Dit is so onbehoorlike bevel en vergunning dat geen troep eintlik dit sal kan aanvaar nie. Hy sal entlik totaal onmaklik wees met die hoof van die weermag, veral as die hom nog privaat trakteer.

Dawid het hom met 'n saamgekuiery dronk gemaak om sy waardes en beginsels korrup te maak sodat hy dronk by sy vrou sou gaan slaap het, maar selfs dronk het Urija dit nie gedoen nie.

Hierdie getrouheid en beginselvastheid het Dawid nie geag nie, maar deur sy mag as hoof van die leër het hy 'n moordplan uitgedink. Die moord sou na 'n gewone geveg op die slagveld lyk, en nie soos moord nie, sodat Urija nie kon getuig het dat hy nie die kind verwek het nie.

Hierdie bedrog het maklik oor 'n hele jaar lank gestrek.

4.Wat is die valsheid in Dawid se gees?

- Dit is die valsheid dat hy sy begeertes as liefde glo.
- Dit is die valsheid dat hy sy mag as koning sien as 'n mag wat hom bo enige aanspreeklikheid verhef.
- Dit is die valsheid van gemoedelike kuier met 'n onderdaan wat niks anders is as die geweld om hom 'n kind te laat aanvaar wat nie sy eie is nie.
- Dit is die valsheid om die betroubaarheid van 'n onderdaan te laat dien as 'n rede om hom dood te maak, in plaas daarvan om hom te eer.
- Dit is die valsheid om moord te pleeg deur 'n wettige bevel van 'n offisier en die valsheid om spesiale eer te gee as koning aan die een wat hy vermoor het asof dit maar die gang van oorlog was.

Dawid het sy eie magslus as liefde en geregtigheid geglo – sy tipe liefde en geregtigheid wat volgens die wet van God niks anders as magslus was nie.

Met sy koninklike gesag het hy sy magslus vervals om liefde en geregtigheid te wees. Dit is Dawid se selfbedrog en sy bedrog teenoor God.

Die enigste manier waarop hy sy magslus as liefde en geregtigheid kon glo, was om nie meer te bid en nie meer binne die geloof in God liefde te leef nie.

Dit is wat hy met sy stilstuipe teenoor God doen.

Hy maak deur stilte sy valsheid sy waarheid.

5.Hoe skep God binne Dawid 'n gees wat nie vals is nie?

Deur Dawid hierdie oortreding nie toe te reken, die skuld vir hierdie oortreding weg te vat en hierdie oortreding te vergewe, terwyl Dawid sy sonde doen in stilstuipe voor God leef.

Wat doen God dan deur hierdie sonde so weg te neem?

Dit sien ons in wat in hierdie jaar met Dawid gebeur. Dawid sê dat hierdie stilstuipe het soveel stres veroorsaak dat dit sy geestes- en liggaamlike krag uitgeteer het. Hy

stel dat soos somershitte water laat verdamp, het God se hand se swaar op hom gedruk dat sy lewensmotivering en dryfkrag heeltemal onder die stres verdwyn het.

Watter swaar hand?

Dit kan nie God se swaar had op sy gewete wees omdat God hom beskuldig nie. God het die skuld weg gevat voor hy sy sonde erken het. Dit kan ook nie wees omdat God hom aangekla het vir sy oortreding nie want God het hom nie die oortreding toegereken nie.

Dit kan nie God se swaar hand wees wat hom gestraf het vir sy sonde nie. God het die straf van sy sonde weggevat voor hy dit erken het.

Nou wat is die swaar hand van God?

Dit is God se genade en liefde wat so swaar druk. Want met sy stilswye ontken Dawid hierdie liefde en genade waarin God hom laat leef, sonder skuld, aankla of straf. Vervreem Dawid homself van God se liefde en genade – en hierdie vervreemding van die liefde wat hy in leef, teer hom uit en maak dat hy so gestres is dat hy nie meer krag en motivering het nie.

Met hierdie liefde en genade maak God dat Dawid nie anders kan as om die waarheid oor sy sonde te erken nie.

6.Dit is die waarheid wat Christus se genade vir ons moontlik maak, om eerlik met ons oortredings en sondes met God te kan wees.

Eerlik omdat sy liefde ons dring om nie ons eie valsheid as ons waarheid te kan glo nie.

U moet baie goed oplet oor wat Johannes in sy brief oor die erkenning van sonde teenoor God stel: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedreig ons onsself en is die waarheid nie in ons nie.”

Hierdie sin word in die Pinkster en Charismatiese geestelikheid so verwring: “Jy moet eers erken dat jy ’n verlore sondaar is voor jy Jesus kan aanneem en God jou kan vergewe.”

Dit is alles behalwe die waarheid van hierdie vers. Hierdie vers gaan nie oor mense wat verlore is en nie wil erken dat hulle verlore sondaars is nie. Dit gaan hier oor die stilswye deur kinders van die Here van sondes wat hulle gedoen het.

Dit gaan oor die verlossing dat Jesus die waarheid en die genade gebring het. Die genade, waar niemand meer veroordeel word vir sonde nie, juis sodat hulle in die

genade, en liefde van God wat sondes nie straf, nie oordeel, skuld nie vereffen of oortredings nie aankla nie, weer in die waarheid kan leef dat hulle hul sonde as sonde kan erken en teenoor God bely as sonde.

Dit is juis die genade van God se liefde wat maak dat gelowiges nie hulle valsheid as waarheid kan glo nie, maar teenoor God as sonde erken.

Die genade van God bevry ons van selfbedrog dat sonde nie sonde nie, maar iets anders is. Binne God se genade en liefde kan ons nie in selfbedrog volhard nie - ook nie deur die stilswye en stilstuipe teenoor God nie.

God skep in ons deur sy deurdringende liefde ʼn gees wat nie teenoor God vals is nie.

7.Want in hierdie valsheid doen ons iets met Hom wat ons genade is en liefhet. Johannes stel dit so: “As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.”

Hierdie vers word in die Pinkster geestelikheid weer so verwring: “Jy maak God tot leuenaar as jy nie erken jy is ʼn verlore sondaar wat hel toe gaan, gestraf gaan word en veroordeel word nie.”

Dit is glad nie wat hier staan nie.

Watter hand van die Here het dag en nag op Dawid so swaar gedruk?

Dat God hom gaan straf, beskuldig en aankla en dat hy op pad hel toe is omdat hy nie erken dat hy ʼn verlore sondaar is nie? Dawid was nooit ʼn verlore sondaar nie!

Wat so swaar op hom gedruk het, was God se genade en liefde waarin God hom vasgehou het, strafloos en oordeelloos.

Want dit het gemaak dat hy die God wat hom lief het met sy waarheid in stilte tot leuenaar maak: wat hy met die God wat Hom liefhet, tot leuenaar maak, het hom uitgestres op so manier dat hy sy lewenskrag en motivering in diens van God verloor het, nie die ewige lewe verloor het nie.

Om die God in wie se genade en liefde ek leef, deur my stilstuipe oor my sonde tot leuenaar te maak, maak dat ek nie met sy woord in my kan leef en in die waarheid van wie ek as sondaar in God se liefde is, kan leef nie.

Volgens Johannes gaan dit om buite die gemeenskap te leef waarin ons met die Vader en Seun deel het.

En dit stres gelowiges uit!

Ons kan nie die liefde waarin ons leef ontken asof ons nie daarin leef nie. Hierdie liefde dring ons tot die erkenning dat ons waarheid is eintlik sonde en God se waarheid oor sonde is die waarheid waarin ek wil leef: sonde is nie liefdes nie.

8.Daarom is daar binne God se genade nie iets soos die afdwing van belydenisse oor sonde

- as die erkenning dat ons voor God skuldig is,
- as die erkenning ons God se aanklagte teen ons waar is nie,
- as die erkenning dat ons vir God verlore sondaars is nie,
- as die erkenning dat God ons straf nie.

Dit is presies wat Dawid sê die erkenning van sonde nooit kan of mag wees nie. Hy stel dit so: “Moenie onverstandig wees nie, soos ŉ perd of ŉ muil wat met ŉ stang in die bek beteuel moet word as jy hom wil lei nie.”

Wat beteken hierdie vermaning?

Dit beteken dat God nie voorgehou kan word as iemand wat met geweld en dwang soos met ŉ stang sy kinders laat sonde bely nie.

Dit beteken dat God nie die geweld van of die dreiging van skuld, straf, oordeel, aanklagte en verwerping gebruik om sy kinders tot erkenning van hulle oortredings te bring nie.

Dit is juis wat mense vals maak in hulle erkentenisse en belydenisse.

Wat gebeur elke dag in ons howe waar mense hulle oortredings toegereken word en hulle die straf vir hulle skuld moet aanvaar?

In hierdie erkentenisse

- erken jy so min as moontlik van die waarheid van wat jy gedoen het,
- gee jy so veel as moontlik regverdigings vir wat jy gedoen het.
- voer jy so veel as moontlik redes vir versagtende omstandighede aan
- ontken jy dat jy die oortredings bedoel het soos wat jy dit gedoen het
- en maak jy ander medeskuldiges van jou oortreding.

In ŉ gees van valsheid en bedrog moet jy die skuld en straf so lig as moontlik maak!

Geen mens kan voor die wet van God eerlik wees met 'n God wat jou op jou belydenis gaan straf nie.

Die teendeel is waar. Mense wat in stilstuipe met God leef wil 'n god hê wat hulle beskuldig, aankla en oordeel sodat hulle in hulle stilstuipe geregverdig is. So maak hulle van hulle houding om nie hulle sonde as sonde te wil erken nie maar as liefde te glo, 'n houding wat hulle regverdig met 'n God met wie jy nie kan praat of eerlik wees oor wie jy is en wat jy doen nie.

Die straf van God word juis die rede vir hulle stilstuipe om hulle sonde vir God te verswyg as sonde. Hulle soek in hierdie goddeloosheid 'n God wat hulle met 'n stang en stok sal beteuel, want uit hulle eie sal hulle nooit hulle sondes wat hulle as hulle liefdes glo erken as sonde nie.

9.Gelowiges erken hulle sonde as sonde teenoor God omdat hulle in die vreugde en blydskap van sy liefde wil leef, omdat Hy hulle met 'n liefde omvou waarin hulle wil leef.

Nie omdat hulle hierdie liefde vir die eerste keer of by herhaling by God wil ontvang asof hierdie liefde nie deel van hulle lewe is nie.

Daarom stel Johannes sonde belydenis as deel van die manier waarop ons in die lig leef en in gemeenskap met die Here leef. (1Joh.1:7) Dit is nie die wyse waarop ons opgeneem word in die gemeenskap met Jesus nie, dit is iets wat ons doen as die wyse waarop ons die gemeenskap wat Hy met ons het, in blydskap en vreugde leef.

Daarom moet ons die vers 9 in 1 Joh.1 ook nie lees soos al die boetegeestelikes dit lees nie: "Maar as ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid."

Hierdie sin beteken nie die Here doen dit omdat en wanneer jy jou sondes bely nie. Dan kon Dawid glad nie Psalm 32 geskryf het soos hy dit geskryf het nie. Hy kon nie met die saligspreuk begin dat God nooit jou sondes toereken en nooit jou sonde straf nie. Dawid kon ook nie onder die druk van God se liefde geleef het nie, maar moes dan met 'n aangeklaagde, skuldige en veroordeelde gewete voor God geworstel het as 'n verlore sondaar.

Hierdie sin beteken juis net die teenoorgestelde: Jesus is getrou in dit wat Hy vir Dawid gedoen het en vandag nou vir ons doen: Hy is voorspraak vir ons sonde (1 Joh. 2:1) vir ons sonde op so wyse dat terwyl ons sonde doen Hy Voorspraak is.

Hy is Christus op so wyse dat God ons nooit weer straf of aankla vir sondes wat ons doen nie. Daarom skep hierdie genade en liefde van Christus die gees in ons om nie vals te wees maar in die waarheid met God te leef van wie en wat ons is.

10. Sondebelydenis is nie meer iets wat verlore sondaars net doen wanneer hulle met stange gedwing word en dit dan nog steeds met ŉ valse gees doen nie.

Sondebelydenis is die wyse waarop ons in die waarheid dat ons sonde doen, binne die liefde en genade van God leef.

Sondebelydenis is die wyse waarop ons in die vreugde leef dat God ons nooit straf of aankla nie.

Sondebelydenis is die wyse waarop ons binne die gemeenskap wat Christus ons by insluit, om kinders van God te wees, eerlik met God kan wees oor wie en wat ons is binne die genade en liefde wat Hy vir ons het.

Die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Die genade dat ons in die waarheid kan leef van wie ons is sonder om ooit buite God se liefde te wees.

11. Waarom die stilstuipe?

Waarom nie erkenning teenoor die Here dat ek oortree het en dat ek dit wat ek gedoen het bedoel het soos ek dit gedoen het nie?

U kan nie aanvoer dat God jou gaan straf, dat jy skuldig voel en dat jy met ŉ God moet gaan praat wat jou jou sonde gaan toereken nie.

Waarom die hulpgeroep oor jou kragtelose lewe in diens van God en jou ongemotiveerdheid om God te eer, te loof, te dank en te aanbid.

Dit is ironies genoeg ook wat Dawid gedoen het, heeldag om hulp geroep vir meer krag en motivering om God te eer, te loof en te dank, asof God hom nie genoeg krag gee en God hom nie werklik met sy liefde tot diens bring nie, terwyl hy nie sy sonde as sonde wil erken nie.

ŉ Stilstuipe wat sondes as liefdes wil leef en daarom valsheid as ons eie waarheid wil staanmaak teenoor God.

ŉ Stilstuipe wat ons in stres teenoor God laat leef. ŉ Stres wat al ons vreugde en blydskap in God se liefde blus. Hoekom? Omdat jy jou sonde as liefde wil bly glo?

Kom ons neem die erkenning van ons oortredings op as die waarheid waarin ons met God kan leef, die waarheid waarin ons eerlik met God kan wees van wie en wat ons is met die vreugde en blydskap dat ons nooit gestraf of aangekla word nie.

Kom ons leef in hierdie waarheid: “Voor die Here bely ek my opstandigheid en U het my skuld vergewe.” Kom ons breek met hierdie onverstandigheid:

“Voor God bly ek stil oor my oortredings om my eie valsheid as waarheid te leef.”

Kom ons breek met ’n totaal onnodige stres en leef weer in die vreugde en blydskap van God se liefde: kom ons erken ons oortredings teenoor God as sonde.

Skrifuitleg.

- Ps. 32 weier om oortreding teen God as oortreding te erken, om sonde as sonde te erken. Leef sonde as liefde! Verdraaide opvatting! Dawid se egbreuk met Batseba: begerig, moord en bedrog.
- Die onwilligheid ons sonde as sonde te erken word trekdier wat met stang beteuel en gerig moet word. Met dwang.
- Stresverwante swaarkry. Druktespanning van valsheid teenoor God.
- Psalm onderrig in die betekenis van die wet van God, betekenis van belydenis van sonde.
- Ps. begin met saligspreuk: geluk van lewe met God in sy verbondsgenade.
- Direkte verband tussen sonde wat nie toegereken word as sonde en die genade om nie vals te wees oor sonde teenoor God nie. Opreg te wees oor sonde as sonde. Gaan oor erkenning van sonde deur regverdige, wie deur God regverdig gemaak is deur vergifnis.
- Opreg van hart oor sonde, deur vergifnis van sonde. God maak hart opreg deur sonde nie toe te reken nie.
- Swyg sonde as sonde: Batseba, om sonde as ware liefde uit te leef terwyl bedrieg, begeer en moor teenoor self en openbare gemeenskap. Een jaar lank. volgens sy koningsposisie in ooste was hy hierop geregtig. Moes homself met hierdie mag en reg beklee het. Mag om te doen wat wil.
- swyg gaan oor volhard in sonde asof dit liefde is!
- Swyg vervreem van lewe met God in sy liefde en genade, omdat van God se liefde en genade onttrek. Maak hom ’n gebroke mens om dat bedoel is om in God se liefde te leef, nie vervreem van God se liefde nie.
- Weet nie meer wat om vir homself te sê om homself te regverdig en self te motiveer nie, want kan God nie voorhou as God wat Hom straf en oordeel nie.
- Sondebelydenis is om sonde as sonde te erken en nie as liefde te glo en te regverdig nie. Bedek asof dit nie sonde is nie.
- God is steeds wie Hy nog hele tyd was: God wat sonde nie toereken nie, behandel een wat sonde erken nie as aangeklaagde, skuldige en veroordeelde nie.
- Smarte van godlose lewe om in sonde te volhard: om buite die genade en liefde van God te leef om sonde steeds as liefde te regverdig.
- Liefde dring tot erkenning, geen geweld tot sonde-erkenning nie.

Johannes: genade en waarheid. Johannes 1:9 – 14; 1 Joh. 1: 5 – 2:2.

- Waarheid gaan oor om eerlik en opreg te wees teenoor God oor wie jy is en wat jy doen. Waarheid en lig het daarom dieselfde betekenis.
- Waarheid is alleen moontlik binne die evangelie: genade en waarheid is in Christus wat sondige mens geword het as Regverdige.
- In Christus is daar geen veroordeling volgens Johannes vir sonde en geen verwagting van straf nie, daarom ook geen vrees vir God nie. 1 Joh. 4:18;

Preek notas.

- Christelike erkenning van sonde as sonde vind altyd plaas as daad binne die liefde en genade van God, nooit as daad teenoor God wat oordeel en straf nie.
- Teenoor God wat oordeel en straf kan geen mens in waarheid leef nie. God se oordeel maak dat die sondaar in sy gees vals word teenoor God oor die sonde, en dit maak ook God uit as die rede om in die sonde te volhard.
- Sonde belydenis gaan vir die verskil om as gelowige oor om stres vry in God te liefde te leef of in stres binne God se liefde te leef.
- Dit gaan oor die lewenskuns om deur God se liefde gedring te word tot sondebelydenis want God dwing geen sondebelydenis met straf en aanklag af nie.
- Dit gaan oor die lewenskuns om in die vreugde van God se genade te leef en dit is ŉ lewe van waarheid en genade. Daar kan nie ŉ lewenswyse van valsheid en liefde wees nie.